**IN DIE HOë HOF VAN SUID-AFRIKA**
**VRYSTAATSE AFDELING, BLOEMFONTEIN**

Outomatiese Hersiening Nr: 229/2014

In die hersiening tussen:

**S T JOEL** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** KRUGER, R *et* REINDERS, Wnd R

---

**UITSPRAAK DEUR:** REINDERS, Wnd R

---

**GELEWER OP:** 25 JUNIE 2015

---

[1] Die onderhawige saak is as 'n outomatiese hersiening verwys vanaf die Landroshof vir die distrik Phillipolis.

[2] Die beskuldigde is aangekla van en skuldig bevind aan 'n oortreding van Artikel 5 (b) van Wet 140 van 1992, te wete handel in dagga. Die voorsittende landdros het die beskuldigde daarna gevonnis tot drie jaar gevangenisstraf wat in die geheel opgeskort is vir vyf jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan handel en/of die besit van dagga en gepleeg in die tydperk van opskorting nie.

[3] Sedert die beskuldigde se eerste verskyning tot met vonnisoplegging het die beskuldigde, alhoewel die keuse van regsverteenwoordiging aan hom verduidelik is, verkies om sy

eie verdediging te behartig. Afhandeling van die saak het geskied nadat ‘n ooreenkoms in terme van Artikel 105A van die Strafproseswet, 51 van 1977 bereik is. Die voormelde ooreenkoms is aangeheg tot die rekord as Aanhangsel “A”.

[4] Die regter belas met die hersiening het in terme van Artikel 304(2)(a) in ‘n skrywe gedateer 27 November 2014, die volgende navraag aan die landdros gerig:

> “1. Kan ‘n pleit en vonnis ooreenkoms aangegaan word met ‘n beskuldigde wat in persoon verskyn?
> Kyk artikel 105A(1)(a).”

[5] In ‘n skrywe gedateer 24 April 2014 bied die landdros sy verskoning aan vir die tydsverloop in die beantwoording van die voormelde navraag. In sy antwoord haal die landdros Artikel 105A(1)(a) aan wat lui as volg:

> “’n Aanklaer deur die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings skriftelik daartoe gemagtig en ‘n beskuldigde wat regsverteenwoordiging het kan, voordat die beskuldigde pleit op die aanklag wat teen hom of haar gebring word, onderhandel en ‘n ooreenkoms aangaan....”

[6] Die landdros kom dan, heeltemal tereg, tot die gevolgtrekking dat die voormelde ooreenkoms inderdaad nie in terme van Artikel 105A(1)(a) met ‘n onverdedigde beskuldigde aangegaan kan word nie.

[7] Ek stem saam met die landdros se gevolgtrekking. Die bewoording van die Strafproseswet in Artikel 105A(1)(a) is baie duidelik en ondubbelsinnig dat ‘n ooreenkoms in terme van die voormelde artikel slegs aangegaan kan word met ‘n beskuldigde wat regsverteenwoordiging het. Die bepalings van die voormelde artikel is gebiedend. Dit volg derhalwe dat ek nie tevrede is dat geregtigheid geskied het nie en moet die skuldigbevinding en vonnis derhalwe in terme van Art 304(2)(c)(i) en (ii) tersyde gestel word.

[8] Gevolglik word die volgende bevele verleen:

8.1. Die skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel.

8.2 Die saak word terugverwys na die hof *a quo* om *de novo* aangehoor te word.

**C. REINDERS, WndR**

Ek stem saam:

**A. KRUGER, R**